



eduresourceza.com



GRAAD 12

PROEFEKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

SEPTEMBER 2023

Opgestel deur: Mee. K. Kriel, S. Lombard en J.M. Venter

Gemodereer deur: Mee. K. Kriel, S. Lombard en J.M. Venter

Tyd: 2½ uur

Punte: 100

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 15 **bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS

Afdeling A - Begrip	(30 punte)
Afdeling B - Opsomming	(10 Punte)
Afdeling C - Poësie	(30 punte)
Afdeling D - Taalstrukture	(30 punte)
3. Beantwoord **elke vraag** op 'n nuwe bladsy.
4. Trek 'n **kantlyn** aan die regterkant van die bladsy.
5. ALLE vrae moet in **Afrikaans beantwoord** word.
6. **GEEN** potlood sal nagesien word nie.
7. **Nommer** soos wat die vrae in jou toets genommer is.

Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

MAN BEDERF VROU MET 1.2 MILJOEN SONNEBLOMME



8 Augustus 2023



Mizanne Hattingh

1. Wat is die grootste bos blomme wat jy al ontvang het? 'n Gelukkige Amerikaanse vrou het 'n hele veld vol gekry – 1.2 miljoen goudgeel sonneblomme!
2. Lee Wilson, 'n 70-jarige boer, het besluit om sy vrou, Renee, met 'n 80 hektaar-veld propvol sonneblomme te bederf. En dit sonder dat sy snuf in die neus oor dié reusegeskenk gekry het.
3. Lee en Renee ken mekaar al byna lewenslank. Die egpaar is al sedert hul hoërskooldae verlief, en vier hiërdie mylpaalherdenking behoorlik. Hulle het as 16-jariges in graad 10 ontmoet. Hulle eerste romantiese afspraak was by 'n rolskaatspartytjie op Renee se 16de verjaarsdag. Lee het dadelik geweet Renee is “die een”. Renee het meer oortuiging gevat voor sy die “ja-woord” wou gee, maar nou, na vyftig jaar se getroude lewe, is hulle nog méér verlief as toe hulle tieners was.
4. Tradisioneel staan 'n paartjie se 50ste huweliksherdenking (*wedding anniversary*) as hulle “goue herdenking” bekend. Geskenke vir hierdie herdenking sluit goue items, juwele asook blomme in. Goud is die waardevolste metaal en is simbolies van die kosbare jare wat die paartjie saam deurgebring het. Soos die paartjie se liefde, sal goud ook vir ewig hou.
5. “Ons vier ons 50ste huweliksherdenking op 10 Augustus – en wat moet 'n ou vir sy vrou op so 'n spesiale dag gee? Ek het baie lank oor die geskenk gedink, en ek weet sy was nog altyd mal oor goudgeel sonneblomme,” het Wilson vroeër hierdie maand met *ABC News* gedeel.
6. “Dit het my ongelooflik spesiaal laat voel. Daar is nie 'n beter huweliksherdenking-geskenk nie,” het 'n glimlaggende Renee gesê.
7. Dié indrukwekkende sonneblomveld lê 'n paar kilometer buite Pratt, Kansas, waar die egpaar woon. Wilson en sy seun het in Mei skouer aan die wiel gesit om die veld gereed te kry vir Renee se verrassing in Augustus.
8. Die Wilsons se storie het wêreldwyd aandag begin lok, en toeriste stroom daaglik na die asemrowende, goudkleurige sonneblomveld om foto's te neem. Sonneblomme is boonop die amptelike blom van die Amerikaanse staat, Kansas. Sonneblomme word vir medisyne, kleurstof, kos en olie gebruik. Party spesies, soos dié wat mnr. Wilson geplant het, word slegs

vir dekoratiewe doeleindes gekweek. Die wetenskaplike naam, *Helianthus*, is van die Griekse woorde, helios en anthos, afgelei. Helios beteken “son” en anthos beteken “blom”.

9. Miley Cyrus was reg, ‘n mens kan vir jouself blomme koop, maar is dit nie lekkerder as 1.2 miljoen deur iemand anders vir jou geplant word nie?



Verwerk uit: *Maroelamedia*

VRAE:


- 1.1 Wanneer is hierdie artikel gepubliseer? (1)
- 1.2.1 Waar was Lee en Renee se eerste afspraak? (1)
- 1.2.2 Hoe oud was Lee en Renee toe hulle getrou het? (1)
- 1.3 Pas die beskrywing in KOLOM B by die idioom in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer, bv. 1.3.3 E.

	KOLOM A	KOLOM B	
1.3.1	Kry nie snuf in die neus nie (paragraaf 2).	(A) Renee kan nie die sonneblomme ruik nie.	(1/2)
1.3.2	Sit skouer aan die wiel (paragraaf 5).	(B) Hulle het die sonneblomme begin plant.	(1/2)
		(C) Renee besef nie wat op die plaas aangaan nie.	
		(D) Hulle het ‘n wiel gebruik om die sonneblomme te plant.	

- 1.4 **Renee wou nie dadelik met Lee trou nie.** (1)
Gee DRIE opeenvolgende woorde uit par. 3 wat hierdie stelling as WAAR bewys.
- 1.5 **‘n Vyftigste huweliksherdenking word ‘n goue herdenking genoem.** (1½)
Dink jy dis ‘n goeie naam vir hierdie herdenking? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord uit die teks.
- 1.6 **Sonneblomme is Renee Wilson se gunstelingblom.**
- 1.6.1 Uit watter TWEE Griekse woorde is “sonneblom” afgelei? (1)
- 1.6.2 Gee ‘n ANDER rede hoekom sonneblomme ‘n goeie geskenk vir ‘n 50ste huweliksherdenking is. (1)
- 1.7 **Dis lekkerder as iemand anders vir jou blomme gee.**
- 1.7.1 Is paragraaf 7 ‘n FEIT of ‘n MENING? (1/2)
- 1.7.2 Motiveer jou antwoord. (1)

[10]

Bestudeer die infografiek en beantwoord die vrae wat volg.



Bron: netwerk24.com

VRAE:

- 2.1 'n Duisend kinders word per jaar vir brandwonde by die Rooikruis-hospitaal behandel. (1½)
- Stem jy met hierdie stelling saam? Sê JA of NEE en motiveer met TWEE OPEENVOLGENDE woorde.
- 2.2.1 Hoeveel kinders het in 2019 diep brandwonde gehad? (1)
- 2.2.2 Gee die WOORD wat sê die skade is vir altyd. (1)
- 2.3 Watter OUDERDOMSGROEP kinders kry die meeste brandwonde? (1)
- 2.4.1 Gee die PERSENTASIE brandwonde wat tuis gebeur. (1)
- 2.4.2 In watter VERTREK gebeur die meeste brandwonde? (1)
- 2.5 Hoekom kry 'n kind makliker 'n brandwond as 'n volwassene? (1)
- 2.6 Wat is die EERSTE ding wat jy met 'n kind moet doen as daar 'n brand is? (1)
- 2.7 **Die infografiek gee drie noodnommers.**
- 2.7.1 Watter nommer sal JY kontak as iemand 'n brandwond opgedoen het? (½)
- 2.7.2 Motiveer waarom jy hierdie noodnommer gekies het. (1)

[10]**VRAAG 3****SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



Verwerk uit netwerk24.co.za

VRAE:

- 3.1 **Die kinders is in mevrou Jefferson se klas.**
- 3.1.1 Watter skoolvak gee mevrou Jefferson? (1)
- 3.1.2 Wat dra mevrou Jefferson om beter te kan sien? Gee net die WOORD. (1)
- 3.1.3 Noem EEN skryfbehoeftes op Ben se lessenaar. (1)
- 3.2.1 Hoe probeer Ben sy juffrou se aandag te trek? Gee EEN visuele bewyse. (1)
- 3.2.2 Wat WYS vir ons Ben skop sy voete? Gee EEN visuele bewys. (1)
- 3.3 **My pa... en hy sê altyd F@&&*N ESKOM!**
- 3.3.1 Kies die antwoord wat NIE pas NIE. (1/2)
- Die F@&&*N-simbole wys vir ons:**
- (A) die pa vloek.
- (B) die pa weet nie hoe om te spel nie.
- (C) die pa hou nie van Eskom nie.
- (D) Ben haal sy pa direk aan.
- 3.3.2 Gee 'n rede waarom Ben se pa gereeld hierdie woorde sê. (1)
- 3.4 **Ai tog, Ben...** (1)
- Verduidelik waarom Jim hierdie woorde vir Ben wil sê.
- 3.5 **Juffrou Jefferson dink waarskynlik Ben is 'n stoute seuntjie.**
- 3.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1/2)
- 3.5.2 Motiveer jou antwoord uit die spotprent. (1)
- 3.6 Wie is jou held? Motiveer hoekom hierdie persoon jou held is. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: [30]



Hallo! Ek is Leon van Nierop. Skrywer van die verhaal *Ballade vir 'n Enkeling*. Ek hou ook daarvan om resensies te skryf.

Leon van Nierop is een van Suid-Afrika se bekendste resensieskrywers. Hy kyk weekliks nuwe films en reekse.

HIER VOLG vyf VAN DIE RESENSIES WAT HY ONLANGS GESKRYF HET.

INSTRUKSIES:

- Lees die onderstaande teks. Som dan die 5 resensies uit die leesstuk in jou eie woorde op.
- Gee **Leon se opinie** oor die reeks/ film en **gee sy motivering** hoekom hy daarvan hou/ nie hou nie.
- Begin elke sin met **Leon dink...**
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne en 70 woorde neer.
- Nommer die wenke van 1 tot 5.

ONTHOU:

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Elke hoofpunt moet Leon se **opinie** en sy **motivering** gee.
- Begin elke sin met **“Leon...”**
- Beplan jou opsomming en trek 'n streep deur jou beplanning.

VYF resensies deur Leon van Nierop:



THE WOMAN KING gaan oor die brawe leier, Nanisca, gespeel deur Viola Davis, wat 'n groep vrouesoldate (vegters) oplei om teen slawerny te veg. Die gevegstonele is asemrowend gechoreografeer, en 'n mens voel binne-in die stryd, só realisties is dit. *THE WOMAN KING* is 'n besondere rolprent!



THE IDOL is onlangs bestempel as die gewildste TV-reeks ter wêreld. Hoekom? Ek weet nie. Dis nie 'n goeie reeks nie, die storie gaan net oor partytjies, dwelms en die storielyn val plat. 'n Ernstige waarskuwing: *THE IDOL* is eksplisiet. Pas op!



Die vreemdste reekse raak dikwels die grootste sensasies. Die reeks *QUEEN CHARLOTTE: A BRIDGERTON STORY*, het die tonge los. Die dialoog en kostuums is tot in die fynste detail beplan, jy word werklik terug na die 1800's geneem. Probeer *QUEEN CHARLOTTE: A BRIDGERTON STORY* op Netflix kyk. Jy sal gou-gou vir haar sjarme val.



In die reeks, *WEDNESDAY*, neem Tim Burton die ou verhaal van die Addams-familie verder deur dit te moderniseer. Burton konsentreer veral op die melancholiese, somber dogtertjie, Wednesday. *WEDNESDAY* is 'n gitswart, skreeusnaakse komedie. *WEDNESDAY* is verrassend anders, oorspronklik en snaaks.



Baie mense was opgewonde oor die nuwe *GOSSIP GIRL*-reeks. Maar soveel jare later is die storie nie meer relevant nie, en lyk die karakters asof hulle te hard probeer om die oorspronklike sjarme na te boots. Hulle misluk ongelukkig. Jammer, maar Showmax se nuwe *GOSSIP GIRL* werk glad nie.

Verwerk uit: <https://www.rsg.co.za/rsg/fliekrubriek/>

TOTAAL AFDELING B: [10]

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

Daarom - Ilina Stander

- 1 My profiel
- 2 is 'n spieëlskrikker,
- 3 my vel 'n dermatoloog se droom,
- 4 my arms en bene misliklank in die pad,
- 5 my bolip se dons bleek.
- 6 Tussen meisies: die groot krater.

- 7 Daarom antwoord ek nie
- 8 met my deurslaanstem nie,
- 9 kruip ek eerder onder my kuif
- 10 (ononderhandelbaar) weg
- 11 En oefen ek agteraf
- 12 My afsakbroek-stap.
- 13 Daarom bid ek die tyd om.

- 14 Intussen donder ek deure toe.

VRAE

- 5.1 Wat word deur die seun in **versreëls 1–5 beskryf**? (1)
- 5.2.1 Haal 'n voorbeeld van 'n **neologisme** uit strofe 1 aan. (1)
- 5.2.2 Wat word met dié neologisme suggereer? (1)
- 5.3 Verduidelik die **ironie** in versreël 3 (1)
- 5.4.1 Deur watter **lewensfase** gaan die tiener? (1)
- 5.4.2 Haal **een woord** uit strofe 2 aan om jou antwoord in **5.4.1** te motiveer. (1)
- 5.5 **Die voornaamwoord ek en my word baie herhaal.**
Wat sê die oorgebruik van die persoonlike voornaamwoorde vir ons van die tienerseun? (1)
- 5.6 Waarom, dink jy, oefen die seun sy *afsakbroeksap* spesifiek “**agteraf**”? (1)
- 5.7 Hoe **verskil** strofe 1 en strofe 2 se inhoud van mekaar? (2)

[10]

VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

Sterrekyker - Franci Greyling

- | | |
|----|---|
| 1 | Ek skryf 'n brief aan die man op die maan – |
| 2 | bladsye en bladsye vol. |
| 3 | Ek rol dit in 'n koker op, |
| 4 | bind dit aan 'n pyl |
| 5 | en skiet dit met 'n wilgerboog |
| 6 | dat dit hoog die lug inseil. |
| 7 | Ek sien hoe dit deur die sterre trek |
| 8 | en om die maan gaan draai |
| 9 | en al verder deur die donker lug |
| 10 | 'n duisend briewe saai. |
| 11 | Nou wonder ek |
| 12 | – en wonder jy? – |
| 13 | het hy ooit sy pos gekry, |
| 14 | of sou daar iemand anders wees |
| 15 | wat al dié briewe nou dalk lees? |

VRAE

- | | | |
|-------|---|-------|
| 6.1 | Watter tipe spreker is hier aan die woord en waarom word hierdie tipe spreker gebruik? | (1½) |
| 6.2 | Wat is die spesifieke funksie van die aandagstreep in versreël 1? | (1) |
| 6.3 | Die skrywer het baie om aan die man op die maan te vertel.
Haal twee opeenvolgende woorde uit strofe een om die stelling as WAAR te bewys. | (1) |
| 6.4.1 | Haal 'n voorbeeld van alliterasies uit strofe 2 aan. Onthou om die klanke te onderstreep | (1) |
| 6.4.2 | Haal 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 2 aan. Onthou om die klanke te onderstreep | (1) |
| 6.5 | Wat is die funksies van enjambement in versreëls 7-10? | (1) |
| 6.6 | Haal 'n versreël aan wat 'n voorbeeld van parentese bevat. | (1) |
| 6.7 | Na wie verwys die voornaamwoorde wat in strofe 3 voorkom? | (1½) |

Kies die korrekte antwoord uit **Kolom B** om by **Kolom A** te pas. Skryf net die vraagnommer en letter in jou antwoordboek neer.

	KOLOM A Voornaamwoord	KOLOM B Antwoord
6.7.1	ek	A - Franci
6.7.2	jy	B - Man op die maan
6.7.3	hy	C - Leser
		D - Sterrekyker

- 6.8 Watter **spesifieke tienerprobleem** word in die gedig, *Sterrekyker*, bespreek? (1)
[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

Stuur groete aan Mannetjies Roux - Christopher Torr

- 1 My oom se motor is 'n ou masjien
- 2 Hy maak dit vol met dieselien
- 3 En hy sing in die strate as hy ons kom sien
- 4 My oom is oud en ek is skaars dertien
- 5 My oom drink koffie en my tannie tee
- 6 Ek vra oor die reën en hy sê ja-nee
- 7 En hy drink soet koffie met sy een oog toe
- 8 En hy praat weer oor die drie van Mannetjies Roux

Refrein:

- 9 O stuur ons net so 'n bietjie reën
- 10 My oom het 'n tenk vol dieselien
- 11 En seën my pa en seën my ma
- 12 En my oom op sy plaas in Afrika
- 13 Maar my oom het gesukkel op die plaas
- 14 Want die son was te warm en die reën te skaars
- 15 En die man van die bank het net sy kop geskud
- 16 Want my oom, ja my oom was te diep in die skuld
- 17 My oom se motor is 'n ou masjien
- 18 Hy maak dit vol met dieselien
- 19 En hy ry na die lande in die oggenddou
- 20 Die lande vaal en sy oë grou



Mannetjies Roux was 'n baie bekende Springbok-rugbyspeler in die 1960's wat baie punte vir die Springbokke aangeteken het.

Herhaal Refrein

- 21 En as jy in die oggend in die lande stap
 22 Hoor jy nog sy motor met sy klak-klak-klak
 23 Maar my oom, ja my oom se oë's nou albei toe
 24 In sy brief stuur hy groete aan Mannetjies Roux

Herhaal Refrein**VRAE**

- 7.1 Wat noem ons 'n strofe wat uit **4 versreëls** bestaan? (½)
 7.2 Identifiseer **en** benoem die rympatroon wat in **die refrein** voorkom. (2)
 7.3 **Die gedig “Stuur groete aan Mannetjies Roux” is 'n liedjie**
 7.3.1 Haal **een woord** uit die gedig aan om die stelling as WAAR te bewys. (½)
 7.5. **Lees versreëls 9-20.**
 7.5.1 Reël 13 bevat die voegwoord 'maar' wat 'n verandering aandui. (½)
Benoem die verskynsel.
 7.5.2 **Hoe verskil** die oom se gemoed (*mood*) **voor** en **na** dié voegwoord. (2)
 7.5.3 Gee 'n moontlike **rede** hoekom die oom se gemoed verander het. (1)
 7.6 Watter **stylfiguur** word deur die gebruik van alliterasie in versreël 22 uitgebeeld? (½)
 7.7 **Lees versreëls 7 en 23.**
 7.7.1 **Die oom se oë verskil in die twee versreëls.**
Wat dui die verskil in versreël 23 aan? (1)
 7.8.1 Watter **soort brief** het die oom aan die einde van die gedig geskryf? (1)
 7.8.2 Waarom, dink jy, het hy spesifiek vir Mannetjies Roux in dié brief genoem? (1)

[10]**TOTAAL AFDELING C: [30]****AFDELING D TAALLEER**

Bestudeer die prent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui.



8.1 Sandy moet die geld by die kroegmeisie terugkry.

Sandy behoort ...

(1)

8.2 Sandy is kwaad, want haar man het vir die kroegmeisie baie geld gegee.

Sandy is kwaad, aangesien ...

(1)

8.3 Steve vra: "Sandy, gooi vir my 'n drankie in?"

Steve vra vir Sandy om ...

(1)

8.4 Die kroegmeisie staan en luister na die bakleiery.

Daardie dag ...

(1)

8.5 Die kroegmeisie vergeet van haar werk wanneer sy vir John sien.

Vroeër ...

(1)

8.6 'n Drankie word elke Vrydag deur Sandy by die kroeg ingegooi.

Sandy ...

(1)

8.7 Die kroegmeisie hou haar mond toe sodat sy nie kan skree nie.

Die kroegmeisie hou haar mond toe om ...

(1)

8.8 Het jy al 'n groot footjie in die kroeg gegee?

Nee,

(1)

8.9 Steve sê: "Ek moet met my vrou praat om die probleem op te los.

Steve sê ...

(1)

8.10 John gee vir die kroegmeisie 'n groot footjie, maar hy het nie geld nie.

Al ..

(1)

8.11 Die man sal môre die geld gou by die kroeg los.

Die geld ...

(1)

8.12 Die kroegmeisie vra: "Wanneer gaan ek my werk doen?"

Die kroegmeisie vra ...

(1)

[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent hieronder en voer dan die opdragte tussen hakies uit.



9.1 (Ma - gee die meervoud) regoor Suid-Afrika is baie trots op die 9.2 (Suid-Afrika - gee die korrekte vorm) sportvroue wat so goed oorsee presteer. Hierdie naweek gaan daar net op sport gefokus word 9.3 (m.a.w. - skryf die afkorting uit) daar gaan geen huistake verrig word nie. Die

pa moet die 9.4 (**skreeu** - gee die teenwoordige deelwoord) kind oppas en hy is glad nie 9.5 (**impressed** - gee die Afrikaanse woord) nie. Dit gaan vir 9.6 (**hy / hom / sy** - kies die korrekte voornaamwoord) 'n baie 9.7 (**lank** - gee die korrekte vorm) naweek wees. Dit is die 9.8 (**goed** - gee die oortreffende trap) wat ons land se vrouespanne nog gedoen het. Die netbalspan 9.9 (**wie / wat** - kies die korrekte woord) die naweek hul eerste wedstryd speel, is baie 9.10 (**opgewonde / opwindend** - kies die korrekte woord. Hoe 9.11 (**baie** - gee die vergrotende trap) hulle oefen, hoe 9.12 (**goed** - gee die vergrotende trap) word hulle. Baie huishoudings is in rep en 9.13 (... **voltooi die idiomatiese uitdrukking**) om na die wedstryde te kyk. Die man is 9.14 (**baie kwaad** - gee die intensiewe vorm) vir sy vrou, want hy moet na die klein 9.15 (**seun** - gee die verkleining) kyk. Hy 9.16 (**ken / weet**) dat dit 'n moeilike naweek gaan wees.

[8]

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer net die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet tussen **15 - 20** woorde lank wees.
- Die respons kan uit **een of twee sinne** bestaan.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.



- 10.1 Mev. Norma Plummer (A), die afrigter van die netbalspan, praat die span **moed in** en sê **wat** hulle moet doen om beter te speel. Skryf haar woorde neer. (2)
- 10.2 Bongie (B), die kaptein van die span is **tevrede** met die span se spel. Sy gee 'n **rede** hoekom sy so voel. Skryf haar woorde neer. (2)
- 10.3 Danika (C) is **bekommerd** dat hulle nie gaan wen nie en sy gee 'n **rede** hoekom sy so dink. Skryf haar woorde neer. (2)

10.4 Jamie (D) is **teleurgesteld** in haarself en sy gee n rede hoekom sy so voel. Skryf haar woorde neer. (2)

10.5 Erin (E) is **verveeld** en dink aan wat sy **na** die wedstryd gaan doen. Skryf neer wat sy dink. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING D: [30]

GROOTTOTAAL: [100]

eduresourceza.com